**NOMINASIES VIR DIE TOEKENNING VAN GEDENKPLATE TER ERKENNING VAN VROUE IN DIE UV SE VROUEGEDENKTUIN**

Om uitsonderlike prestasie van vroue aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) te erken, word nominasies tans ingewag vir vroue wat direkte bande met die UV het of gehad het en wat ’n noemenswaardige impak op die akademie, navorsing of die gemeenskap gehad het.

Hierdie vroue sal in aanmerking kom vir die toekenning van ‘n ereplaat in die Vrouegedenktuin agter die Hoofgebou op die Bloemfontein-kampus.

Die Vrouegedenktuin bestaan uit ’n botaniese tuin met meer as 80 plantspesies. In die middel van die tuin is ’n beeldhouwerk waarin ’n wildevyeboom geplant is. Die talryke sade van die boom verteenwoordig eenheid en dui op die ware begrip, kennis en geloof wat deur die vroue van die Universiteit gedemonstreer word.

Die volgende kriteria is van toepassing:

- ’n Uitstaande prestasie of uitsonderlike bydrae tot die gemeenskap, navorsing, onderrig, diens en/of ondersteuning tot voordeel van die instelling.
- Onderrig: akademiese impak/prestasie; ondersteuning van voor- en nagraadse studente; innoverende onderrigpraktyke; kreatiewe kurrikulumontwerp, uitstaande nagraadse onderrig, ens.
- Navorsing: nasionale en/of internasionale baanbreker; innovering met meetbare resultate.
- ’n Uitsonderlike bydrae tot die professionele en openbare beeld van ’n dissipline.
- Gemeenskapsdiens: verbintenis tot verbetering van die lewensgehalte van ’n individu of gemeenskap.
- Persoonlik karaktertrekke: loopbaanimpak/-prestasie; inspirerende rolmodel vir ander; tegnologies vaardig; vriendelik; entoesiasties; eties, dapper; professioneel, bekwaam; leier; uitstaande presteerder; agent vir verandering/transformasie; sterk instelling op dienslewering.
- Maak van ’n besondere bydrae tot die bevordering van die UV, of dit nou ook is deur navorsing, onderrig, uitsonderlike leierskap en/of innovering binne die instelling.
- Tree op as ’n sterk pleitbesorger vir die UV.
- Ontvangs van ’n nasionale of internasionale toekenning vir bydrae tot ’n spesifieke veld.
- Inisiatief, innovering en leierskap op ’n spesifieke terrein, of dit nou akademies of ter ondersteuning van die UV is.
- Uitstaande bydrae tot die ontwikkeling en/of bevordering van die UV.

Alle kriteria is van gelyke waarde en genomineerde persone hoef nie noodwendig ten opsigte van al die kriteria uit te blink nie

Die toekenning van ‘n gedenkplaat het betrekking op vroue wat:

- in diens van die UV of ’n huidige student aan die UV is;
- lede van erkende UV-rade en –komitees is;
- vroeër personeellede was;
- alumni is wat ’n ererol in akademie en/of die professionele omgewing speel;
- eredoktorsgrade ontvang het; en
- eregenote of –vennote van die Universiteit is.

Vroue in die genoemde groeperings hoef nie noodwendig nog te leef nie. ’n Ereplaat kan, derhalwe, postuum toegeken word.

Nominasies sluit op 13 Julie 2012 en moet aan dr. Louis van der Westhuizen by vdwestjl@ufs.ac.za of Kamer 40b in die Hoofgebou, Bloemfontein-kampus gestuur word. U ka nook faks na 051 401 9600. Vir navrae, kontak hom asb. by 051 401 9354.

NOMINATION FOR A WOMEN'S MEMORIAL AWARD
NOMINASIE VIR 'N VROUEGEDENKTOEKENNING

| | |
|---|---|
| Title / *Titel*: | Initials / *Voorletters*: |
| Surname / *Van*: | |
| Name / *Naam*: | |

Provide brief biographical notes of the nominee (not more than 250 words).
*Verskaf 'n kort biografiese opsomming van die genomineerde (maksimum 250 woorde)*

| |
|---|
| |

Motivate why this person should be nominated for a memorial award (not more than 350 words) *Motiveer waarom hierdie person vir `n gedenktoekenning genomineer word (maksimum 350 woorde).*

| |
|---|
| |

Describe the extraordinary/meritorious activity involving the nominee (not more than 250 words) *Beskryf die uitnemende/verdienstelike aktiwiteit waarin die genomimeerde betrokke was (maksimum 250 woorde).*

Justify the validity/authenticity of this nomination (not more than 250 words).
*Bevestig die geldigheid van hierdie nominasie (maksimum 250 woorde).*

**Additional documentation attached to this nomination:**
Provide no more than 6 documents in support of the nomination, e.g. letters, photographs, publications or documents motivating an award or achievement.

**Addisionele dokumentasie:**
Verskaf enige dokumentasie ter ondersteuning van die nominasie. Nie meer as 6 addisionele dokumente word aanvaar nie. Dit sluit in, briewe, foto's, publikasies of dokumente wat toekennings en prestasies bevestig.

**BELEID OOR DIE TOEKENNING VAN GEDENKPLATE TER ERKENNING VAN VROUE IN DIE VROUEGEDENKTUIN**

| | |
|---|---|
| **Dokumentnaam:** | Vrouegedenktuin |
| **Dokumentnommer:** | |
| **Koördinerende UKS-lid:** | Viserektor: Akademies |
| **Kontakpersoon:** | Prof HR Hay |
| **Status:** | Beleid |
| **Goedgekeur deur:** | Rektoraat |
| **Datum goedgekeur:** | 22 Mei 2012 |
| **Datum van laaste wysiging:** | |
| **Datum van volgende hersiening:** | Mei 2017 |
| **Verwante beleide en dokumente:** | |

1. **Inleiding**

Die Universiteit is derhalwe verbind tot identifisering en erkenning van inspirerende vroue wat ’n buitengewone bydrae ten opsigte van onderrig, navorsing en diens tot die Universiteit gemaak het. Op Nasionale Vrouedag, 9 Augustus 2011, is vroue deur die onthulling van die Vrouegedenktuin op die Bloemfontein-kampus vir hierdie harde werk vereer. Die Vrouegedenktuin bestaan uit ’n botaniese tuin met meer as 80 plantspesies. In die middel van die tuin is ’n beeldhouwerk waarin ’n wildevyeboom geplant is. Die talryke sade van die boom verteenwoordig eenheid en dui op die ware begrip, kennis en geloof wat deur die vroue van die Universiteit gedemonstreer word.

2. **Doel**

Die doel van hierdie beleid is om rigting te gee aan die proses van identifisering van vroue uit die universiteitsgemeenskap en hulle deur middel van ’n gedenkplaat in die Vrouegedenktuin vir hulle bydrae te vereer.

3. **Bestek**

Die beleid het betrekking op vroue wat:

- in diens van die UV of ’n huidige student aan die UV is;
- lede van erkende UV-rade en –komitees is;
- vroeër personeellede was;
- alumni is wat ’n ererol in akademie en/of die professionele omgewing speel;
- eredoktorsgrade ontvang het; en
- eregenote of –vennote van die Universiteit is.

Vroue in die genoemde groeperings hoef nie noodwendig nog te leef nie. ’n Ereplaat kan, derhalwe, postuum toegeken word.

4. **Kriteria**

Die ereplaat erken uitstaande en besondere prestasies deur vroue wat direkte bande met die UV het of gehad het en wat ’n noemenswaardige impak op die akademie, navorsing of die gemeenskap gehad het. Die volgende kriteria is van toepassing:

- ’n Uitstaande prestasie of uitsonderlike bydrae tot die gemeenskap, navorsing, onderrig, diens en/of ondersteuning tot voordeel van die instelling.
- Onderrig: akademiese impak/prestasie; ondersteuning van voor- en nagraadse studente; innoverende onderrigpraktyke; kreatiewe kurrikulumontwerp, uitstaande nagraadse onderrig, ens.
- Navorsing: nasionale en/of internasionale baanbreker; innovering met meetbare resultate.
- ’n Uitsonderlike bydrae tot die professionele en openbare beeld van ’n dissipline.
- Gemeenskapsdiens: verbintenis tot verbetering van die lewensgehalte van ’n individu of gemeenskap.
- Persoonlik karaktertrekke: loopbaanimpak/-prestasie; inspirerende rolmodel vir ander; tegnologies vaardig; vriendelik; entoesiasties; eties, dapper; professioneel, bekwaam;

leier; uitstaande presteerder; agent vir verandering/transformasie; sterk instelling op dienslewering.
- Maak van ’n besondere bydrae tot die bevordering van die UV, of dit nou ook is deur navorsing, onderrig, uitsonderlike leierskap en/of innovering binne die instelling.
- Tree op as ’n sterk pleitbesorger vir die UV.
- Ontvangs van ’n nasionale of internasionale toekenning vir bydrae tot ’n spesifieke veld.
- Inisiatief, innovering en leierskap op ’n spesifieke terrein, of dit nou akademies of ter ondersteuning van die UV is.
- Uitstaande bydrae tot die ontwikkeling en/of bevordering van die UV.

Alle kriteria is van gelyke waarde en genomineerde persone hoef nie noodwendig ten opsigte van al die kriteria uit te blink nie

## 5. Prosedure

### 5.1 Samestelling van ’n komitee

’n Komitee met die volgende funksies sal oor die nominasies besluit:

- Bestuur van versoeke vir nominasies.
- Evaluering en beoordeling van nominasies.
- Maak van ’n aanbeveling aan die Viserektor: Akademies en sodoende aan die Rektoraat.
- Reël van sosiale funksies vir toekennings.
- Inisiëring en/of hersiening van wysigings aan die beleid.

Die Komitee sal soos volg saamgestel wees:

- Die Viserektor: Akademies as voorsitter (1)
- Een verteenwoordiger uit die kantoor van die Viserektor: Akademies (1).
- Twee verteenwoordigers van die steundienste (2)
- Een verteenwoordiger uit elk van die sewe fakulteite (7).
- ’n Verteenwoordiger van elk van die twee vakbonde (2).
- Een verteenwoordiger elk vir die Qwaqwa- en Suid-kampus (2).
- Een verteenwoordiger van die Internasionale Instituut vir Studies oor Ras, Versoening en Sosiale Geregtigheid (1).
- Die voorsitter van die Finesse-vroueverenigings (1).
- ’n Verteenwoordiger van die personeel en studente met gestremdhede (1).
- Sekretariaat [DINAP] (1).

Die Komitee sal deur die Viserektor: Akademies aangestel word. Slegs UV-personeellede mag lede vir die Komitee (wat mans of vroue kan wees) nomineer. Alle genomineerde persone moet instem om genomineer te word voordat die nominasie ingedien word.

Om in die Komitee vir die Vrouegedenktuin te dien, moet ’n verteenwoordiger:

- ’n personeellid van die UV wees;
- gewillig wees om, sover moontlik, al die vergaderings van die Komitee by te woon; en
- gewillig wees om vir ’n termyn van drie jaar in die Komitee te dien.

### 5.2 Nominasies vir ’n ereplaat

Nominasies word jaarliks op die voorgeskrewe vorm aan die Komitee voorgelê. Elke nominasie mag slegs een naam bevat. Enige vroulike UV-personeellid mag (’n) nominasie(s) aan die voorsitter van die Komitee stuur. Die Komitee as geheel of ’n kworum van 70% sal die aanbeveling aanvaar of verwerp.

Elke nominasie moet die impak van die genomineerde persoon se aktiwiteite beskryf. Motiverings moet nie langer as vier bladsye wees nie en moet die volgende insluit:

- Naam van die genomineerde persoon.
- Kort biografiese aantekeninge.
- Opsomming van die motivering.
- Beskrywing van aktiwiteit.
- Geskiktheid vir die nominasie.
- Nie meer nie as ses ondersteunende dokumente (briewe, e-posse, foto’s, ens.).

Nominasies is vertroulik en die name van die genomineerde persone sal nie bekend gemaak word nie.

Die Komitee evalueer jaarliks die nominasies wat ingedien is. Die goedkeuringsproses is vertroulik.

Die Komitee maak sy aanbeveling aan die Viserektor: Akademies wat die finale goedkeuringsgesag het. Indien geen geskikte nominasies, wat aan die kriteria beantwoord, ontvang word nie, sal geen gedenkplaat gedurende die spesifieke jaar geïnstalleer word nie.

’n Ereplaat kan ook postuum toegeken word.

## 6. Instandhouding

Die UV-tuindienste sal vir die instandhouding van die tuin en alle verwante funksies verantwoordelik wees.

## 7. Begroting

Die Departement Finansies sal jaarliks ’n bedrag toeken om voorsiening te maak vir:

- vervanging van dooie plante;
- vervaardiging en installering van gedenkplate; en
- sosiale funksies vir die onthulling van die gedenkplaat.

Die bedrag sal jaarliks in ooreenstemming met die jaarlikse verhogingspersentasie aangepas word.

## 8. Bestuur, implementering en monitering van hierdie beleid

Die institusionele verantwoordelikheid vir, administrasie en hersiening van hierdie beleid is gesetel in die lynfunksie van die Viserektor: Akademies.

## 9. Interpretasie van die Beleid

Sou daar enige meningsverskil ontstaan betreffende die vertolking van die betekenis van die bewoording in die Engelse en Afrikaanse weergawes, sal die Engelse weergawe van die beleid deurslaggewend wees.